Curro Busroetes

2016

Geagte Ouers

Hiermee die finale bustye en busroetes vir 2016 :

Busroete	Bestuurder	Oggendroete	Vroeë Middagroete	Laat Middagroete	Vrydae: Vroeë middagroete	Vrydae: Laat middagroete
Pretoria Noord: Sasol Garage President Steynstraat	Hannes Meyer 0768722683	-Vertrek vanaf Pta. Noord om 6:15 -Arriveer by Curro Roodeplaat om 07:35	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 14:30 -Arriveer by Sasol Garage: ± 15:15	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 16:30 -Arriveer by Sasol Garage: ± 17:15	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 13:45 -Arriveer by Sasol Garage: ± 14:30	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 16:15 -Arriveer by Sasol Garage: ± 17:25
Pick & Pay: Sinoville/ Amandelboom	Tienie 0798093451	-Vertrek vanaf Sinoville om 06:15 -Vertrek vanaf Amandelboom : 06:35 -Arriveer by Curro Roodeplaat om 07:30	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 14:30 -Arriveer by Amandelboom : ± 15:10 -Arriveer by Sinoville: ± 15:30	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 16:30 Arriveer by Amandelboom : ± 17:10 -Arriveer by Sinoville: ± 17:30	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 13:45 -Arriveer by Amandelboom : ± 14:15 -Arriveer by Sinoville: ±14:30	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 16:15 Arriveer by Amandelboom : ± 16:40 -Arriveer by Sinoville: ± 16:50
Pick & Pay: Retailpark	Hannes Diedericks 0828952918 Josias 0714476628	-Vertrek vanaf Retailpark om 06:40 -Arriveer by Curro Roodeplaat om 07:30	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 14:30 -Arriveer by Retailpark: ± 15:10	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 16:30 -Arriveer by Retailpark: ± 17:20	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 13:45 -Arriveer by Retailpark: ± 14:30.	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 16:15 -Arriveer by Retailpark: ± 16:45.
Cullinan/ Rayton	Anton Steele 0747318721	-Vertrek vanaf Rayton Motors 06:25 -Vertrek vanaf Cullinan 06:45 -Arriveer by Curro Roodeplaat om 7:30.	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat 14:30 -Arriveer by Rayton Motors 15:30 -Arriveer by Cullinan ± 15:15	Geen laat middagroete	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat 13:45. -Arriveer by Rayton Motors ± 14:20 -Arriveer by Cullinan ± 14:00	Geen laat middagroete.
Zambezi Mall	Tienie 0798093451	-Vertrek vanaf Retailpark om 06:40 -Arriveer by Zambezi Mall 07:10. Arriveer by Curro Roodeplaat om 07:30	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 14:30 -Arriveer by Zambezi Mall 14:50.	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 16:30 Arriveer by Zambezi Mall 16:55	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 13:45 -Arriveer by Zambezi Mall 14:10	-Vertrek vanaf Curro Roodeplaat: 16:15 Arriveer by Zambezi Mall 16:40

Kameelfontein Road / -weg Kameeldrift Pretoria PO Box / Posbus 15293 Sinoville Pretoria 0129
T 012 808 9938/9 F 012 808 9941 E adminr@curro.co.za W www.curro.co.za
Executive Head / Uitvoerende Hoof Mr / Mnr John Bisset
Directors / Direkteure JA le Roux SC (Chairman)* CR van der Merwe (CEO) AJF Greyling (COO) B van der Linde (CFO) HG Louw (CIO)
SL Botha** ZL Combi* MC Mehl** PJ Mouton* B Petersen** (* Non-executive ** Independent Non-executive)
Curro Roodeplaat Private School is a division of Curro Holdings Ltd Reg No 1998/025801/06

Ander inligting:
-Soms gebeur dit dat ouers nie betyds by die busaflaaipunte is nie. Die busbestuurders het opdrag om slegs 5 min. te wag vir ouers om op te daag. Hulle het ook ‘n verantwoordelikheid om die ander leerders betyds by die ander op- en aflaaipunte te besorg. Indien u nie betyds is nie, sal ons u kind terugneem skooltoe, waar u hom of haar kan kom haal of ons sal u kind weer met die 16:30 bus na die busaflaaipunt bring.
-Indien daar enige navrae of inligting is wat u onder die skool se aandag wil bring kan u vir Cornus du Plooy by 082 958 2243 skakel, of Seugnet Oelofse by die kantoor.
Currogroete.

BUSREËLS VIR LEERDERS: 2015

Dit is baie belangrik dat daar busreëls sal wees ten einde die leerders se veiligheid te verseker. Alle ouers word gevra om asseblief die reëls met u kinders te bespreek.

1. Elke leerder MOET vasgegordel wees. Dit moet so gestel word dat dit om die leerder se middel pas. Leerders sal vir die jongeres help wat daarmee sukkel.

2. Leerders moet te alle tye sit en mag nie rondloop of speel op die busse nie, tensy die busbestuurder of ‘n onderwyser die leerder vra om na die voorkant van die bus te skuif.

3. Leerders word nie toegelaat om op die sitplekke met hul knieë te staan nie.

4. LEERDERS WORD GLAD NIE OP DIE BUSBESTUURDER SE SITPLEK TOEGELAAT NIE.

5. Leerders word nie toegelaat om plek vir ‘n mede leerder te hou nie, daar word op die prinsiep gewerk van “first-come”, first-serve basis.

6. Leerders mag nie musiek op selfone speel nie, tensy hulle gebruik maak van oorfone. Indien die leerders van die bus se musieksisteem gebruik wil maak, moet hulle hierdie versoek rig alvorens die bus vertrek. Indien die musiek nie geskik is om na te luister nie, sal dit afgesit word.

7. Niks mag in die bus rondgegooi word nie.

8. Geen eet- of drinkgoed word toegelaat op die busse nie.

9. Geen glasbottels word op die bus toegelaat nie. Leerders mag wel water in ‘n plastiese bottel by hul hê.

10. Leerders mag nie die busbestuurder se aandag aftrek deur met hom te gesels nie, tensy dit absoluut ‘n noodgeval is.

11. Geen kougom word op die bus toegelaat nie.

12. Leerders mag nie by die vensters uithang, voorwerpe by die vensters uitgooi, of tekens wys vir ander bestuurders nie.

13. Leerders moet altyd onthou dat hulle die verteenwoordigers van Curro Roodeplaat is.

14. LEERDERS SAL GEVRA WORD OM 5 MINUTE VOOR DIE BUS SE VERTREK TE SIT.

15. Voor die bus se vertrek mag die leerders nie in die parkeerarea speel of by die winkels rondloop nie..

16. Leerders mag nie voordat bus vertrek aanhoudend in en uit bus klim nie. As leerder inklim, bly hy/sy in totdat hy/sy by aflaaipunt weer moet afklim. Sodra die bus gestop het moet die leerders hul tasse kry en beweeg na die voertuie wat hul kom oplaai, geen kuier word in die parkeerarea toegelaat nie.

17. Leerders mag nie die busbestuurder se aandag aftrek nie, tensy dit ‘n noodgeval is.

18. Leerders mag nie skreeu, vuil taal gebruik of mekaar spoeg nie. Geen gevaarlike spel sal op die bus toegelaat word nie.

19. Leerders wat nie die reëls op die bus nakom nie, sal die voordeel van die bus ontsien word.

20. Daar is leerders aangewys wat help met die in- en uitpak van die tasse in die oggende en middae. Hul sal voortdurend opleiding ontvang in die korrekte prosedure van die pak van tasse.

21. Die res van die leerders moet stil sit totdat die tasse uitgepak is.

22. Leerders sowel as personeel is verantwoordelik vir die instandhouding van die bus.

23. Die bus mag slegs op die toegewysde plekke stop.

24. Die bus mag onder GEEN OMSTANDIGHEDE langs die pad stop nie, tensy dit in ‘n noodgeval is.

25. Leerders mag onder geen omstandighede die bus beskadig nie. Indien dit wel gebeur, sal streng optrede teenoor betrokke leerder volg.

Baie dankie vir u geduld en ondersteuning ook in hierdie saak.

SKEURSTROKIE : TERUG NA CORNUS DU PLOOY

Ek _____ ouer van _____ in graad _____, erken ontvangs van bogenoemde dokument aangaande die reëls van die bus.
Ek verstaan die inhoud daarvan en het die aan my kind gekommunikeer.
Ons onderneem om aan die reëls gehore te gee na die beste van ons vermoë.

NAAM : _____
HANDTEKENING : _____
DATUM : _____

Voltooi asseblief die volgende vorm volledig en stuur terug aan Mnr. Cornus du Plooy:

Naam van leerder: _____
Graad van leerder: _____
Naam en kontaknommer van ouers: _____
_____

Busroete: Oggend: _____
Middag: _____
(Meld ook tyd van die middag roete bv. 14:30 of 16:30)
(Bv. Pta. Noord; Amandelboom; Sinoville; Retail Park; Zambesi Mall) Onderstreep by watter bushalte leerder/leerders afgehaal word.

Ek kry vir _____ (kind/ers se naam/name) by die bushalte.
_____ (kind/ers se naam/name) loop vanaf busstop huistoe.

_____ _____
Handtekening van ouer Kontaknommer /Datum